Lêer verw/ File ref: 15/3/6-9/Erf_2556

Navrae/Enquiries:
Mnr HL Olivier

1 Maart 2021

Planscape
Posbus 557
MOORREESBURG
7310

**Per Geregistreerde Pos**

Meneer/Dame

**AANSOEK OM ONDERVERDELING VAN ERF 2556, MOORREESBURG**

U aansoek met verwysing 262~2556-Mrb, gedateer 10 November 2020, namens AG & A Dick, het betrekking.

Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), word die aansoek om onderverdeling van Erf 2556, Moorreesburg ingevolge artikel 70 van die Verordening, goedgekeur onderhewig aan die volgende voorwaardes:

**1. STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER**

(a) Erf 2556, Moorreesburg (groot 1,2351ha) onderverdeel word in 'n restant (groot ±10143m²) en gedeelte A (±2208m²), soos voorgehou in hierdie aansoek;
(b) Die onderverdelingslyn 'n minimum afstand van 6m van die bestaande woonhuis op gedeelte A handhaaf;

**2. WATER**

(a) Elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte wateraansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op onderverdelingstadium van toepassing;

**3. RIOOL**

(a) Elke onderverdeelde gedeelte voorsien word van 'n aparte rioolsuigtenk wat vir die diesvragmotor toeganklik is. Hierdie voorwaarde is op onderverdelingstadium van toepassing;

**4. ELEKTRISITEIT**

(a) Elke onderverdeelde gedeelte van 'n afsonderlike elektriese aansluiting op koste van die eienaar/ontwikkelaar voorsien word;
(b) Enige verskuiwings van elektriese kabels oor die betrokke onderverdeelde gedeelte verskuif word ten koste van die eienaar/ontwikkelaar;
(c) Enige elektriese tussenverbinding geïsoleer en ten volle verwyder word;
(d) Die elektrisiteitaansluiting aan bestaande laagspanning netwerk gekoppel word;
(e) Addisioneel tot bogenoemde, die ontwikkelaar of eienaar betaal vir die elektrisiteitaansluitings aan onderverdeelde gedeeltes;

**5. ALGEMEEN**

(a) Enige bestaande dienste wat die restant en onderverdeelde gedeeltes aan mekaar koppel, verskuif en/of ontkoppel word sodat elke eiendom se pypwerk op die betrokke erf geleë is;

(b) Indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees om die onderverdeelde gedeeltes van diensaansluitings te kan voorsien, sal dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar wees;

(c) Die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge artikel 38 van die Verordening magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie;

(d) Die goedkeuring spreek nie die eienaar/ontwikkelaar vry aan die verkryging van enige nodige goedkeurings van ander statutêre owerhede nie;

(e) Die goedkeuring is, ingevolge artikel 76(2)(w) van die Verordening geldig vir 'n tydperk van 5 jaar. Indien daar nie uitvoering gegee word aan al die voorwaardes binne die 5 jaar tydperk, sal die goedkeuring verval.

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**
per Departement Ontwikkelingsdienste

HLO/ds

*Afskrif : Die Landmeter-Generaal, Privaatsak X9028, Kaapstad, 8000*
*Direkteur : Siviele Ingenieursdienste*
*Direkteur: Elektiese Ingenieursdientes*
*Direkteur : Finansiële Dienste*
*AG & A Dick, Posbus 319, MOORREESBURG, 7310*
*Alexander.dick1969@gmail.com*

## Erf 2556, Moorreesburg, word onderverdeel in 2 gedeeltes, naamlik: Gedeelte A (ABfe): 2208m² en Restant (fCDe): 10143m²

(Alle oppervlaktes onderhewig aan opmeting)


SWARTLAND MUNISIPALITEIT
SWARTLAND MUNICIPALITY

Onderverdeling toegestaan ingevolge artikel 70 van die Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), onderhewig aan voorwaardes.

*Subdivision granted in terms of section 70 of the Municipal Land Use Planning By-Law (PN 8226 of 25 March 2020) subject to conditions.*

2021/03/01
DATUM/DATE

MUNISIPALE BESTUURDER
MUNICIPAL MANAGER




| | |
|---|---|
| Project: | Erf 2556, Moorreesburg |
| Title: | Onderverdelingsplan |
| Owner: | Mnr. Dick |

| | |
|---|---|
| Notes: | |
| Datum: | 02/11/2020 |
| Reference: | 262~2556-MRB |

PLANSCAPE
Tel: 022 4334408
planscape@telkomsa.net